

VAKATURE: VOLTYDS-ONBEPAAALDE LERAARSPOS - NG WARDEN

Die Kerkraad van die NG Gemeente Warden is in biddende afhanklikheid van die Here as Hoof van Sy kerk, wagtend vir aansoeke vir die pos van 'n gestuurde bedienaar van die Woord.

GEMEENTEPROFIEL:

Die gemeente van Warden is geleë in die Oos-Vrystaat, 50km noord van Harrismith op die N3. Ons Gemeente vier in 2017 haar honderdste bestaanjaar in hierdie plattelandse, aktiewe boerderygemeenskap. Ons leef in volle bewustheid van God se voorsiening, met die Eeufeestema: *Die Here voorsien!* (Gen 22:14)

Die Gemeente bestaan tans uit 426 belydende- en 115 dooplidmate. Hier is tans vyf groot plaaswyke en 10 dorpswyke met 250 besoekpunte. Die gemeente van Warden geniet 'n Gereformeerde spiritualiteit in alle fasette van die bediening.

LERAARSPROFIEL:

- Enige gelegitimeerde, asook studente wat verwag om einde van 2017 gelegitimeer te word, word uitgenooi om aansoek te doen.
- Die gestuurde leraar sal verantwoordelik wees vir alle pligte volgens Kerkorde Artikel 9, met byvoeging van sistematiese huisbesoek. In die uitvoering van die ampspligte is samewerking met die kerkraad se verskeie bedieninge vir ons belangrik.
- Opbouende verhoudings en opregte belangstelling in alle ouderdomsgroepe is vir die gemeente van Warden 'n prioriteit in die unieke, plattelandse konteks.
- As gestuurde leraar van die gemeente, wil ons die bestaande samewerking met buurgemeentes en kerke in wyer verband voortsit en uitbou.

VERGOEDING:

Volle lewensonderhoud met Sinodale riglyne in ag genome. 'n Ruim en gerieflike pastorie word voorsien.

AANSOEKE:

Belangstellendes moet asseblief 'n CV met minstens drie referente aan die kerkkantoor stuur, voor of op Vrydag 10 November 2017.

Kandidate op die kortlys sal op die gemeente se onkoste genooi word vir 'n onderhoud en preekbeurt. *Die Kerkraad behou die reg om nie 'n aanstelling uit die beskikbare aansoeke te maak nie.*

DIENSAANVAARDING: So spoedig moontlik.

NAVRAE:

Marga Smit (Skriba): 058 643 0553 (Kantoorure: Ma-Vr 08h00-13h00)

E-pos adres: ngkwarden@zippnorth.co.za

Johann van Niekerk (Kerkraadsvoorsitter): 082 491 5522

Barend Human (Voorsitter Pre-Advies): 082 770 8381